

Verklaring van interim dividend

Senwesbel Beperk - ZXSWB

ISIN: ZAEZ00000026

AANVULLENDE KENNISGEWING MET BETREKKING TOT DIE INTERIM DIVIDEND

Aandeelhouders word verwys na die kennisgewing van verklaring van 'n interim dividend soos uitgereik op 17 Maart 2017, sowel as die Begrotingsrede wat op 22 Februarie 2017 deur die Minister van Finansies, Pravin Gordhan, gelewer is, waartydens die dividendterughoubelasting verhoog is van 15% na 20%.

Die konsep "*Rates and Monetary Amounts and Amendment of Revenue Laws Bill*" het artikel 64E van die Belastingwet Nr. 58 van 1962 gewysig en die verhoogde dividendterughoubelasting is van toepassing op enige dividend wat op of na 22 Februarie 2017 betaal word.

Dividendbelasting sal dus teruggehou word teen 'n koers van 20% van die bruto dividend van 14 sent per aandeel, tensy die aandeelhouer vir vrystelling kwalifiseer. Na terughouding van die dividendbelasting, sal die netto dividend 11,2 sent per aandeel beloop.

Die belangrike datums en tye en ander inligting voorsien met betrekking tot die dividendverklaring aangekondig op 17 Maart 2017, bly onveranderd.

In opdrag van die Raad van Direkteure.

AE Scholtz (Mnr.)

MAATSKAPPYSEKRETARIS

Sel.nr. 076 212 1776

Tel nr. 018 464 7104

Klerksdorp

22 Maart 2017